Publication: Rapport (Gauteng), Beleef

Date: Sunday, March 27, 2022

Page: 20

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Hoe om 'n swendelaar te herken

## Slegs 'n koel kop en kundige beleggingsadvies sal jou geld laat groei

Die nuus oor Hendrik Gerryts en sy HGG Finansiële Groep Ing. wat dit skynbaar reggekry het om meer as R500 miljoen van beleggers se geld in die niet te laat verdwyn, het 'n hele paar lesers laat vra, hoe gemaak om te voorkom dat ons in so 'n penarie beland?

Oor Gerryts, wat op 4 Maart vermoedelik homself uit die lewe gehelp het deur gif te drink, kan ek my nie uitlaat nie. Ook nie oor wat hy met kliënte se geld aangevang het nie. Lesers moet maar die nuus volg.

Nou om lesers se vrae te antwoord: Jy gaan nie sommer 'n swendelaar uitken nie. As daar kenmerke was, sou ons hulle sien kom. Maar ek het tog 'n voorstel of twee, waarna ek liewer wil fokus op die hantering van beleggingsrisiko in die algemeen.

**Te hoë opbrengs**

Die een uitstaande kenmerk van elke liewe swendelaar - dit maak nie saak of hy 'n grapjas, 'n pastoor, of net 'n gladdebek blinkstefaans is nie - is dat hy beloftes maak van hemelhoë opbrengste op jou geld.

En mense val te maklik daarvoor. Sommiges uit gierigheid. Baie uit liggelowigheid.

Ek kry byvoorbeeld weekliks navrae van mense wat wil weet hoeveel "rente" kan ek vir hulle kry. Mens, dit is net wat hierdie ouens wil hoor. Net daar het hy jou in sy kloue. Ek weet, want my standaardantwoord op die vraag is, ek waarborg niks, ons belê die geld volgens jou doelwit. En dan beweeg hulle weg.

Ek het al terugvoering van sulke mense gehad met "bewyse" van die skitterende opbrengs. Soos die man wat kwaad geword het toe ek vir hom sê sy 20% "rente" gaan nie hou nie. Skaars ses maande later was hy én sy beleggingsagent bankrot.

**Diversifiseer jou agent?**

Kyk waarin hy belê. Betaal jy die geld by hom of in sy maatskappy se bankrekening? Ek weet sommige "wettige" raadgewers werk so. Ek meen bly weg. Bly ver weg.

Kyk eers mooi na jou belegging en die groei daarop voor jy jou geld aan een van hierdie swendelaars - waaronder ek insluit sekere gelisensieerde finansiële raadgewers - oorhandig vir "beter" groei. Daar is altyd 'n fonds (as ons praat van wettige maar onetiese raadgewers) wat oor die afgelope jaar, of drie jaar, of vyf jaar, beter gedoen het.

Glo my, oor 'n jaar of vyf gaan jy weer skuif na iemand anders toe, want die markte - soos wat ek al herhaalde male hier geskryf het - beweeg. En nie altyd net boontoe nie. Elke fonds kry sy afdag, of liewer afjaar. So spaar jy jouself arm deur jou eie gierigheid.

As jy voel jou groei oor die jaar was te min, praat met jou finansiële raadgewer, of makelaar. As hy sy werk aan die begin reg gedoen het, is daar 'n verduideliking.

Jy sal dan jou geld versprei hê in meer as een fonds. Ons noem dit bateverspreiding, of diversifisering. Daar is 'n baie goeie rede voor. Dit versprei jou risiko in die sin dat as een fonds dit nie maak vanjaar nie, dan is die verlies wat jy ervaar net op 'n deel van jou geld.

Ja, dit kan jou hele portefeulje se gemiddelde groei afbring, maar dis van minder belang. Wat belangrik is, is dat dit net 'n deel van jou geld is wat geraak word deur byvoorbeeld 'n aandelemark wat senuagtig raak oor iets soos Covid, of die oorlog in Oekraïne.

Terloops, oor die oorlog in Oekraïne waaroor ek verlede week gewaarsku het om liewer nou niks met jou spaargeld te doen nie, my skryfwoord was nog nie koud uit die drukkery nie, toe begin woel 'n jong energieke markbul reeds.

Maar terug by die punt. In jou portefeulje sal jy verskillende fondse hê wat in verskillende bateklasse en markte belê is. Jy wil beslis nie al jou geld in een wenfonds hê, of selfs alles in buitelandse fondse nie. Dis malligheid, ons bekende raasbekke ten spyt.

Die alles-in-een benadering werk net goed vir solank daardie bate, of daardie bateklas, goed vaar. Maar as hy val, en soos ek genoem het hierbo, markte beweeg, val jou hele portefeulje. Nie net 'n stukkie daarvan soos wat ek aanbeveel met 'n goed gestruktureerde gediversifiseerde portefeulje nie.

Hou jou geld weg van pastore. Laat die ou preek as hy wil. Glo soos jy wil. Maar geld is 'n aardse ding. Geld het geen belang in die hiernamaals nie.

Hou jou geld weg van die blinkstefaanse. Sommer ook van diegene wat deesdae gedeelde politieke ideologie gebruik om hul hande op jou geld te lê. Ingesluit dié wat jou bekoor oor 'n dop en lawwe grappe.

Geld groei sonder sulke streke, gelowe en ideologieë. Dit verg 'n koel kop en kundige beleggingsadvies. Net dit.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

# 'Swaar gemoed, berge probleme' oor g'n geld



Peter Schoonhoven was ook daar.



Dirkie en Christo Kaufmann van PR Homes was ook by die makietie in Franschhoek.

## Beleggers vertel van vergeefse pogings om hul geld van Gerryts se HGG terug te kry

Julian Jansen

Eers ná sy dood en te midde van die likwidasie-aansoek deur 'n Nederlandse egpaar het Karin Gerryts besef in watter geldelike verknorsing haar man, Hendrik, en sy maatskappy, HGG, was.

So het Gerryts se weduwee Woensdag aangevoer in haar hofaansoek dat die Henka-familietrust gesekwestreer word. Dié trust besit verskeie luukse eiendomme in Kaapstad, die Boland en Overberg.

*Rapport* het intussen vasgestel dat een van dié eiendomme, 'n luukse woonstel in die Silo-kompleks in die Waterfront, voorheen aan die Nederlandse egpaar Peter en Aaltje (Rita) Schoonhoven behoort het.

Gerryts het ook 'n 50%-aandeel in 'n luukse dakwoonstel van die Schoonhovens gehad.

Dié woonstel van Peter Schoonhoven, 'n musiekvervaardiger en liedjieskrywer, is in die Media Quarter-gebou in De Waterkant in Kaapstad.

Schoonhoven het gister aan *Rapport* gesê hy het eenheid 503 in die Silo-kompleks in die Victoria & Alfred Waterfront aan die Henka-trust verkoop. Gerryts sou R8,27 miljoen betaal vir die woonstel, sowel as vir 'n 50%-eienaarskap van hul dakwoonstel in die Media Quarter-gebou.

Volgens Schoonhoven sou dié geld in hul beleggingsrekening by die HGG Finansiële Groep Ing. betaal word. "Dit het uitgekom dat dié bedrag inteendeel nie betaal is nie en dat die uitstaande balans op ons beleggingsrekening ongeveer R43 miljoen is."

Op dieselfde dag dat Hendrik Gerryts aan hulle moes verduidelik wat van die R43 miljoen geword het, is sy lyk op die duine by Groot-strand in Hermanus gevind.

Gerryts het reeds die vorige dag "verdwyn" toe hy met sy Range Rover Sport na 'n afspraak in die Paarl sou gaan. Hy het glo omgedraai en sy kantoor laat weet dat hy iemand in Gansbaai sou gaan spreek. Kort daarna het hy sy voertuig by die Grotto-strand in Hermanus parkeer, sowat 4 km die duingordel in gestap en miergif gedrink.



Hendrik en Karin Gerryts in Augustus 2019 by die viering van HGG se 21ste bestaansjaar in Franschhoek. | FOTO'S: BOLAND MEDIA

Die Schoonhovens het onlangs Kaap toe gevlieg om met Gerryts oor onder meer 'n uitbetaling te praat, omdat hulle in April 'n krediteur in Nederland moet betaal.

Schoonhoven het op 4 Maart (die dag waarop Gerryts dood aangetref is) om 08:35 in 'n boodskap aan hom geskryf: "Môre Hendrik. Enige kans dat jy ons Februarie beleggingstaat kan stuur? Nog hierdie week? Baie waardeer! Praat hopelik binnekort. Mooi groete. Peter."

Die vrees dat iets drasties skeefgeloop het met hul belegging het die Schoonhoven-egpaar beetgepak ná 'n e-poswisseling tussen hulle en 'n rekenmeester.

Mignon de Bruin van HGG het hulle vier dae ná Gerryts se dood ingelig dat daar net R25 000 en R22 000 onderskeidelik in twee van die Schoonhovens se bankrekenings oor was.

Schoonhoven het vroeër aan Niek van den Berg en Petro Hartman (Gerryts se suster) geskryf dat die gestorwene vroeër aan hom genoem het, sou enigiets met hom gebeur, hy met dié twee moet praat.

Schoonhoven skryf in nog 'n e-pos op 7 Maart: "In die môre wat later geblyk het die fatale dag te wees, het ons 'n e-pos aan Hendrik gestuur.

"Hendrik het ook bevestig dat hy ons €400 000 (R6,6 miljoen) sou betaal. Dit is 'n groot skok vir ons en ons het geen keuse (as) om die kwessie na ons prokureur te verwys nie."

> "In die môre wat later geblyk het die fatale dag te wees, het ons 'n e-pos aan Hendrik gestuur. Hendrik het ook bevestig dat hy ons €400 000 (R6,6 miljoen) sou betaal.

Luidens dokumente wat by die hof ingedien is, het die aanvangsaldo van die Schoonhovens se fonds by HGG op 1 Maart 2020 op R34 060 049 gestaan. Die maandelikse rente het gewissel van R483 000 tot R694 000.

Op 31 Mei 2021 is 'n bedrag van R8 275 000 in die egpaar se groeifonds inbetaal met die verwysing "TRF Funds Quarter and Silo swop, Janka (sic) Family Trust".

Ook PR Homes, 'n konstruksiemaatskappy van die Helderberg, het 'n likwidasie-aansoek ingedien. Christo Kaufmann skryf in 'n verklaring Gerryts sou in Desember, kort voor Kersdag, onderskeidelik R5,9 miljoen en R1,6 miljoen na spesiale fondse oorplaas. Gerryts het glo ook ongemagtigde onttrekkings van R1,35 miljoen en R800 000 gemaak.

"Dis duidelik dat dié geld nie in spesiale fondse belê is, soos mnr. Gerryts voorgestel het nie," het Kaufmann in sy verklaring gesê. Hy vertel van sy stryd om geld uit HGG te kry om subkontrakteurs te kan betaal en dat Gerryts nie 'n afspraak nagekom het wat hulle vir die dag van sy verdwyning gehad het nie.

In 'n e-pos aan Gerryts skryf Kaufmann dat hy 'n "swaar gemoed en 'n bergvol probleme het" omdat hy nie subkontrakteurs kan betaal nie "as gevolg van die fondse wat nie reflekteer in ons rekening nie".

Die hooggeregshof het intussen die beleërde HGG onder voorlopige likwidasie geplaas. Die Schoonhovens se aansoek vir die sekwestrasie van Gerryts se boedel word deur sy weduwee teengestaan.

Karin sê in haar verklaring dat sy en haar kinders swaar sal trek indien die aansoek toegestaan word. Op dieselfde dag het sy 'n aansoek om die sekwestrasie van die Henka-familietrust by die hooggeregshof ingedien.

'n Persoon na aan die afhandeling van die likwidasieproses het aan *Rapport* gesê nog beleggers by HGG het hul name as eisers tot die boedel by die meester van die hof ingedien.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.